

# eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 7 No 4 Julie 2013  
Personeelblad van die NWU



Comrades-atlete  
trotseer wind, son

Dekaan werk en  
leef met energie

ITOU-wenners  
skitter

# INHOUDSOPGAWE

- 2 Wanneer jy soek, vind Google
- 3 Boodskap van die visekanselier  
Eish!, energie is die gonswoord
- 4 Beste dosente bekroon
- 6 NWU-atlete takel moeilikste Comrades nóg
- 7 NWU spog met driesterstatus
- 8 TRADE-opleiding bevorder SA-handel
- 10 Kenners se woorde is goud werd
- 12 Werk en leef met energie
- 14 Kampusnuus: Mafikeng
- 15 Kampusnuus: Potchefstroom
- 16 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 17 NWU-kundiges ken hul storie
- 18 NWU neem voortou met opvoedkundige tolking  
Onderneming teen korrupsie
- 19 Inligtingsetiek raak ons almal
- 20 Ons mense – Prof Yun glo daaraan om te gee
- 21 Mense wat myle stap
- 22 En die wenners is ...
- 23 Borg woorde vir WAT en wen



**Voorblad:** Mnr Koos Degenaar, die direkteur van Bemaking en Kommunikasie op die Mafikengkampus, lyk nog vol energie toe hy tydens vanjaar se Comrades by die NWU se hulpstasie aankom.

Foto: Me Annette Willemse

## Wanneer jy soek, vind Google

Het jy al ooit gewonder wat gebeur wanneer jy 'n soekterm in die soekblokkie intik en die knoppie druk om jou soektog te begin? Hoe samel 'n soekenjin inligting in?

Dink jouself in dat jy graag wil weet hoe vinnig 'n jagluiperd kan hardloop. In die soekblokkie tik jy: "jagluiperd vinnigste spoed." Wat nou?

'n Soekenjin soos Google gebruik wat algemeen bekend staan as "spiders" om webbladsye te deursoek (te "crawl") en indekseer dan bladsye volgens 'n spesifieke algoritme ('n wiskundige proses).

Die soekterme of sleutelwoorde wat jy op jou webbladsye gebruik en die wyse waarop jy dit gebruik, gee waardevolle inligting aan die soekenjin oor waaroor jou webbladsye gaan, sodat die soekenjin jou bladsye kan vind wanneer dit nodig is.

Die soekenjin se algoritme "gradeer" jou bladsy deur spesifiek aandag te gee aan sekere goed, soos:

- Gebruik jy jou sleutelwoorde in jou inhoud?
- Het jy sleutelwoorde in jou titel en jou URL?

Die NWU se webtuiste gebruik 'n Google-soekopsie wat op dieselfde manier as die hoof Google-soekenjin werk, maar slegs die bladsye deursoek wat op die NWU- domein lê.

### INTERESSANTE FEITE OOR GOOGLE:

- Die Google-landingsblad is in meer as 80 tale beskikbaar.
- Yahoo het in 1997 die kans om Google vir \$1 miljoen te koop, van die hand gewys. Vandag is Google \$200 miljard werd en Yahoo net \$20 miljard.
- Google het meer as een miljoen bedieners – dit is 2% van die wêreld se totaal.
- Google ontvang meer as een miljard soekversoeke per dag. Dit is amper 40 000 per sekonde.

\* Hierdie artikel bevat 'n vereenvoudigde verduideliking van hoe soekenjins en soekenjin-optimalisasie (Engels: Search Engine Optimisation, SEO) werk. Vir meer inligting oor hierdie onderwerpe, gaan Google dit!

**Redaksionele span:** Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

## BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

### *Beste kollegas*

Ek is seker elkeen sal met my saamstem dat die NWU nege jaar ná die samesmelting 'n bloeitydperk beleef. Institusionele data toon dat ons inderdaad goed op pad is om ons missie van 'n gebalanseerde onderrigleer en navorsingsinstelling binnekort te verwesenlik.

Ons het dit konstant reggekry om in die meeste van die sleutelprestasiereas in die top ses van die 23 universiteite in Suid-Afrika te presteer. Indien ons hiermee saam in gedagte hou dat ons 'n skamele 10 jaar gelede nog nie eens bestaan het nie, is dit 'n merkwaardige prestasie.

Omdat dit belangrik is om aan te hou met bestekopneem, het die Raad 'n internasionale paneel aangewys om teen die begin van 2014 'n oudit te doen van die mate waartoe die NWU daarin geslaag het om die samesmeltingsdoelwitte en die missie te bereik.

Die paneel, onder die voorsitterskap van prof Frans van Vught van Nederland, bestaan uit internasionale en nasionale kenners, en sal in die besonder fokus op transformasie, posisionering

van die NWU, die kernbesigheid (onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid) en ook effektiewe bestuur en korporatiewe bestuur.

Om verstaanbare redes is dit 'n groot projek waardeur 'n institusionele selfevalueringsportefeulje opgestel moet word. Later nog meer detail van die projek wat uit my kantoor bestuur sal word.

Met die verstryking van my tweede termyn as visekanselier van die NWU in Mei 2014 en ook die bedanking van prof Mosia as registrateur met effek van 1 Julie 2013, het die Raad 'n proses goedgekeur sodat beide hierdie poste teen die einde van 2013 gevul sal wees.

Terwyl die nuwe registrateur vanaf Januarie 2014 volledig in diens sal wees, is die bedoeling dat ek van Januarie tot Mei 2014 saam met die aangewese nuwe visekanselier sal werk. Hierdie proses sal sorg vir institusionele stabiliteit, konsolidasie van die voortgaande groei in uitsette en goeie korporatiewe bestuur.

Hierbenewens gaan die tweede semester al die gewone uitdagings en opwinding hê!



Ek waardeur jul volgehoue toewyding en passie en wat julle alles doen om hierdie instelling se korporatiewe siel so lekker te maak!

*Jhans Elhoff*

## Eish!, energie is die gonswoord



**E**nergie is deesdae deel van vele gesprekke. Daar word gepraat van effektiewe energiebenutting, volhoubare energie en die besparing van energie.

Ook in hierdie uitgawe van Eish! kom energie telkens ter sprake. In die artikel oor prof LJ Grobler, die dekaan van Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus, lees ons hoe energie deel is van dié dekaan se werk- en leefwêreld.

Prof LJ werk nie net met energie nie, hy leef ook baie energiek en pak dikwels 'n paar dinge gelyk aan. So 'n energieke werk- en leefstyl soos prof JL s'n lei dikwels tot sukses op vele terreine.

In hierdie Eish! is daar talle voorbeelde van hoe ander NWU-personeel ook energiek gewoener het met hul talente en daarvoor beloon is. Lees byvoorbeeld op p 4 en 5 hoe uitnemendheid in onderrig-leer met ITOU-toekennings beloon is en op p 11 hoe ons kundiges se woorde in die media vir hulle pryse in die sak gebring het.

Sekerlik een van die grootste uitsette van energie was die deelname aan vanjaar se uitmergelende Comrades-marathon. P 6 en 7 vertel dié verhaal van swoeg en sweet en soete oorwinning.

Op die ou end gaan dit oor die doeltreffende benutting van energie – jou eie energie, en dié in die vorm van ons natuurlike hulpbronne waarmee krag byvoorbeeld opgewek word. Die winter met sy hoër kragverbruik bied veral 'n uitdaging. Laat ons onthou om onnodige ligte af te skakel, komberse eerder as verwarmers te gebruik en “groen te gaan” deur sonpanele en ander alternatiewe kragbronne te gebruik. (Gaan kyk gerus op Eskom se webblad vir nouwenke om krag te bespaar.)

Mag hierdie afdraande-helfte van die jaar wat nou voorlê vir ons almal wyse energieverbruik meebring.

Lekker lees,

*Marelize & Nelia*

# Beste dosente bekroon

Dr Alfred Henrico van die Potchefstroomkampus is onlangs aangewys as die beste van die NWU se onderrigpersoneel.

Dr Alfred is verbonde aan die Skool vir Ondernemingsbestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en het die beste gevaar met 2012 se Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU-) proses.

Die gesogte Visekanselierstoekening – 'n wisseltrofee – is aan hom oorhandig by die jaarlikse galageleentheid op 19 April 2013.

Dr Alfred was een van die drie kampuswenners wat in aanmerking gekom het vir die algehele prys. Die ander twee kampuswenners was me Irene Muller van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe (Fakulteit Geesteswetenskappe) op die Vaaldriehoek-kampus en me Chipso Mavetera van die

Skool vir Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe (Fakulteit Handel en Administrasie) op die Mafikengkampus.

Altesaam 54 akademië het toekennings ontvang, vergeleke met 49 in 2011. Hiervan was 14 deelnemers van die Mafikengkampus, 31 van die Potchefstroomkampus en nege van die Vaaldriehoek-kampus.

Die Potchefstroomkampus spog met die grootste toename in ITOU-wenners, met 13 meer akademië wat toekennings ontvang het in 2012 as in 2011.

## FAKULTEITE OP DIE VOORPUNT

Die NWU-fakulteit wat die meeste wenners opgelewer het, 10, was die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus. Die Potchefstroomkampus se Fakulteit Gesondheidswetenskappe was tweede met ses deelnemers.

Die fakulteite wat die meeste toekennings op die Mafikengkampus ontvang het, was die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie en die Fakulteit Handel en Administrasie, met vyf deelnemers elk. Op die Vaaldriehoek-kampus het die Fakulteit Geesteswetenskappe die voortou geneem met ses ITOU-wenners.

## Hoe dit werk

ITOU is 'n inisiatief vir akademiese personeel wat betrokke is by onderrig aan die NWU om hulle te inspireer om hul onderrigvaardighede te ontwikkel.

As deel van die ITOU-evalueringsproses assesser panele die dosente se portefeuljes, studenteterugvoer, innovasie en uitnemendheid in kontakssessies en die gebruik van tegnologie in onderrig-leer.

Die ITOU-wenners het hulle toekennings tydens 'n spoggeleentheid ontvang. Hulle is agter van links dr Charles van der Vyver, dr Jako Olivier, mnr Charl Bignaut, dr Conroy Cupido, dr Ané Verhoef, dr Wian Erlank, dr Louis van Staden, mnr Keletsamaile Motatsa, dr Risimati Hobyane, prof Bennie Linde, en dr Pierre-André Viviers. In die middel van links is dr Buabeng Assan, mnr Nelson Chitma, dr Jan Steenekamp, me Colette Lotz, dr Estelle Taylor, me Viné Petzer, me Nedine le Roux, dr Mirna Nel, dr Elrie Botha, dr Karen van der Merwe, dr Karin Botha, me Beitshe van der Niet, dr Alfred Henrico en dr Renato Coletto. Voor van links is me Annatjie Stander, dr Anél Terblanche, me Karen Visser, me Amanda Potgieter, dr Theriso Tsambo, dr Mariette Hitge, me Cornia Pretorius, dr Cornelia Nienaber-Rousseau, me Chipso Mavetera en me Irene Muller.



# Hier is die winners

## MAFIKENGKAMPUS

Wenner	Skool
<b>Geestes- en Sosiale Wetenskappe</b>	
Dr Abigail Hlatshwayo	Geesteswetenskappe
Me Theriso Tsambo	Geesteswetenskappe
<b>Landbou, Wetenskap en Tegnologie</b>	
Mnr Molekodi Matsipane	Omgewings- en Gesondheidswetenskappe
Mnr Ngoako Tsita	Omgewings- en Gesondheidswetenskappe
Dr Oziniel Ruzvidzo	Omgewings- en Gesondheidswetenskappe
Me Tabela Maseng	Omgewings- en Gesondheidswetenskappe
Dr Clovis Noutchie	Wiskundige en Fisiese Wetenskappe
<b>Handel en Administrasie</b>	
Me Karen Visser	Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe
Mnr Keletsamaile Motatsa	Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe
Me Chipo Mavetera	Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe
Me Ntebo Moroke	Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe
Mnr Nelson Chitima	Rekeningkunde
<b>Opvoedkunde</b>	
Prof Buabeng Assan	Voorgraadse Studies
<b>Regte</b>	
Me Linda Muswaka	Voorgraadse Studies

## VAALDRIEHOEKKAMPUS

Wenner	Skool
<b>Geesteswetenskappe</b>	
Dr Elrie Botha	Gedragwetenskappe
Dr Karen van der Merwe	Gedragwetenskappe
Me Irene Muller	Opvoedkundige Wetenskappe
Dr Mirna Nel	Opvoedkundige Wetenskappe
Me Viné Petzer	Opvoedkundige Wetenskappe
Me Maritsi Partridge	Tale
<b>Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie</b>	
Me Annatjie Stander	Rekeningkundige Wetenskappe
Me Beitske van der Niet	Rekeningkundige Wetenskappe
Dr Charles van der Vyver	Inligtingstegnologie

## POTCHEFSTROOMKAMPUS

Wenner	Skool
<b>Lettere en Wysbegeerte</b>	
Mnr Charl Blignaut	Sosiale en Owerheidstudies
Dr Conroy Cupido	Musiek
Me Retha Fritz	Tale
Dr Jako Olivier	Tale
Me Amanda Potgieter	Tale
Me Cornia Pretorius	Kommunikasiestudies
Mnr Pieter van der Westhuizen	Kommunikasiestudies
Me Colette Lotz	Kommunikasiestudies
Dr Ané Verhoef	Filosofie
Dr Renato Coletto	Filosofie
<b>Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>	
Dr Karin Botha	Ondernemingsbestuur
Dr Alfred Henrico	Ondernemingsbestuur
Dr Pierre-André Viviers	Ondernemingsbestuur
Prof Bennie Linde	Mensehulpbronwetenskappe
Dr Herman Linde	Mensehulpbronwetenskappe
<b>Opvoedingswetenskappe</b>	
Dr Andrew Abdool	Opvoedkundestudies
Me Elize Harris	Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys
Dr Louis van Staden	Geesteswetenskappe vir Onderwys
<b>Ingenieurswese</b>	
Dr Pieter van Vuuren	Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese
<b>Gesondheidswetenskappe</b>	
Dr Ankebé Kruger	Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskappe
Me Eloïse Botha	Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
Me Neoline le Roux	Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
Me Annchen Mielmann	Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
Dr Cornelia Nienaber-Rousseau	Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe
Dr Jan Steenekamp	Farmasie
<b>Regte</b>	
Dr Wian Erlank	Regte
Dr Anél Terblanche	Regte
<b>Natuurwetenskappe</b>	
Dr Mariette Hitge	Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe
Dr Leonard Santana	Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe
Dr Estelle Taylor	Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe
<b>Teologie</b>	
Dr Risimati Hobyane	Antieke Taal- en Teksstudie

“Altesaam 54 akademië het ITOU-toekennings ontvang vir 2012.”

Die kampuswinners is van links me Irene Muller van die Vaaldriehoekskampus, dr Alfred Henrico van die Potchefstroomkampus (die algehele wenner) en me Chipo Mavetera van die Mafikengkampus. By hulle (heel regs) is dr Theuns Eloff, die visekanselier.



# NWU-atlete takel moeilikste Comrades nóg

**N**ege atlete wat op een of ander manier by die NWU betrokke is, het op 2 Junie 2013 vanjaar snikhete, winderige toestande trotseer om die uitdagendste Comrades-wedloop ooit voor die afsnytyd te voltooi.

“Die aanvoelbare temperatuur in die skaduwee was 32 grade Celsius en op die pad was dit meer as 40 grade,” vertel een van die atlete, Werner Coetzee van die NWU se Institusionele Regsdienste.

“Boonop het die son ook van die pad af gereflekteer en het ons deurentyd bergwinde van tussen 40 en 50 km/h van voor gehad,” sê hy. “Hardlopers het bewusteloos langs die pad gelê – ek het nog nooit so iets gesien nie. Van die 30 km-merk af het ek self met krampe begin sukkel

in albei my kuite en in my dyspier en die laaste 15 km kon ek net loop.”

Tog het Werner in 'n tyd van 11:33:00 die wenstreek oorgesteek en een van die medaljes vir nuweling wat hul tweede agtereenvolgende Comrades voltooi het, ingepalm. Van sy ander NWU-kamrade wat die wenstreek betyds oorgesteek het, is Corrie Botha, Ockie de Kock, Willie Lubbe, Henro Erasmus, Rika Huyser, Koos Degenaar, Theo Malan en Chantalèze Harmse.

Die NWU het oudergewoonte 'n hulpstasie by Camperdown, op die 64 km-merk, gehad. Hier kon atlete allerlei drinkgoed, peuselhappies vir energie en ondersteuning (soos salf vir krampe) kry. “Een van jou mikpunte as atleet is om net by die NWU se hulpstasie uit te kom. Om jou werkgever se naam te sien wat daar is om jou

by te staan en te help is net wonderlik. Dit laat jou baie spesiaal voel,” sê Werner.

Soos verlede jaar het Werner met een doel voor oë by die hulpstasie gestop. “Cream soda! Ek het die blikkie in een beweging afgesluk. Die groenambulans het my lewe gered.”

Sal hy dit volgende jaar weer aanpak?

“Jong, soos ek nou voel wil ek nooit weer 'n tekkie in my lewe sien nie. Maar die Comrades is verslawend, so vra my weer oor 'n maand of drie van nou af.”

Volgens 'n persverklaring van die Comrades-marathonvereniging het 68% meer deelnemers mediese hulp nodig gehad as die gemiddeld van vorige jare.

*Artikel: Bertie Jacobs, Bemaking en Kommunikasie, Potchefstroomkampus*

*Op 'n snikhete Sondag het 16 atlete wat deur die NWU ondersteun is, die uitmergelende 87 km-“opdraande” van Durban tot Pietermaritzburg aangepak. Van hulle het nege die wenstreek oorgesteek voor die finale skoot geklap het.*

Atleet	Comrades-wed- lope voltooi (2013 ingesluit)	NWU-kampus / Institusionele Kantoor / Klub
Corrie Botha	16	Alumnus: Vaaldriehoekkampus, Tyd: 08:16:05
Ockie de Kock	2	NWU Pukke (Traumeel), Tyd: 08:25:50
Willie Lubbe	12	NWU Pukke (Traumeel), Tyd: 08:25:50
Henro Erasmus	3	Personeellid: Potchefstroomkampus, Bert's Bricks-klub, Tyd: 09:46:14
Rika Huyser	6	Personeellid: Mafikengkampus, Lichtenburg-marathonklub, Tyd: 10:23:54
Werner Coetzee	2	Personeellid: Institusionele Kantoor, Tyd: 11:33:00
Koos Degenaar	15	Personeellid: Mafikengkampus, Potch Road Runners-klub, Tyd: 11:52:05
Theo Malan	1	NWU Pukke (Traumeel), Tyd: 11:53:36
Chantalèze Harmse	2	Personeellid: Vaaldriehoekkampus, Tyd: 11:55:09
James Botha	4	Personeellid: Institusionele Kantoor
Cliff Wallace	22	Eggenoot van NWU-personeellid, Potchefstroomkampus, Bert's Bricks-klub
Johan Lamprecht	11	Personeellid: Potchefstroomkampus, NWU Pukke (Traumeel)
Paul Harmse	10	Eggenoot van NWU-personeellid, Vaaldriehoekkampus, Arcellor Mittal-klub
Marius van Onselen	12	NWU Pukke (Traumeel)
Heyns Deacon	0	Eggenoot van personeellid, Vaaldriehoekkampus, Arcillor Mittal-klub
Kaizer Phakati	4	Personeellid: Potchefstroomkampus, NWU Pukke (Traumeel)

*Die uitdagende dag begin hier. Deel van die NWU se ondersteuningspan is van links Louis Jacobs, die direkteur van Korporatiewe Kommunikasie en Belanghebbverhoudinge van die Institusionele Kantoor, Christoff Swanepoel van Bemaking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus en Dumile Mlambo van Bemaking en Kommunikasie op die Mafikengkampus.*





Die NWU se span het nie net hul eie groep atlete ondersteun nie, maar ook ander spanlede wat hulp nodig gehad het. Hier behandel Maryke Laas van Bemaking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus en Gregory Sekobotsane van die Institusionele Kantoor se Korporatiewe Kommunikasie-afdeling 'n atleet se seer spiere.

## Beste Eish!-leser,

Elke jaar as ek van die Comrades af terugkom, het ek nuwe waardering vir jelly babies, Deep Heat, Bar One-sjokoladestafies en die vryheid van keuse.

Laasgenoemde verwys na my keuse om myself NIE aan die 'ultimate human race' te onderwerp en van Durban na Pietermaritzburg te luiperdkruip nie. Moenie my verkeerde verstaan nie – ek haal my hoed af vir enigiemand wat hierdie uitdaging kan deurstaan met sy/haar bene en geestesgesondheid nog intak, maar ek is ook die eerste een om te erken dat ek waarskynlik vir altyd 'n kameraad eerder as 'n atleet sal wees!

Dis dalk vreemd, maar as ek my ondersteunersdrag aantrek, sien ek myself langs Comrades-legendes soos Bruce Fordyce en Elena Nurgalieva op 'n draffie na die eindstreep terwyl Chariots of Fire speel en die skare my toejuig...

Lag as julle wil, maar daar is iets omtrent die Comrades-marathon wat my lewendig laat voel – en bly om deel te wees van 'n span. En wat vir 'n span was ons nie in 2013 nie! Louis Jacobs was oudergewoonte aan die stuur van

sake – en dit blyk dat hy glad nie sleg sou vaar as 'n Durbanse taxibestuurder nie.

Die ander 'ingewydes' in die ondersteunerspan was Corrie Landsberg van die Mafikengkampus en die uwe van die Vaaldriehoekkampus met Dumile Mlambo (Mafikengkampus), Gregory Sekobotsane (Institusionele Kantoor), Maryke Laas en Christoff Swanepoel (beide van die Potchefstroomkampus) wat die nuwelinge verteenwoordig het.

Op die groot dag het ons gaan stelling inneem by Camper Down en besef dat ons elkeen 'n spesiale Comrades-marathon-talent het:

Louis: Die vermoë om in rekordtyd kamp op te slaan (nadat hy natuurlik eers die perfekte kolletjie gaan uitsoek het Vrydag toe ons in KZN aangekom het).

Corrie: Die vermoë om hardlopers in Zoeloe aan te por – hy is ook die beste vroegmôre-ontbytmaker in Pietermaritzburg.

Annette: Die (ongelukkige) vermoë om my gebrek aan hand-oog-voet-koördinasie in die openbaar ten toon te stel (dit bied ten minste bietjie komiese afwisseling aan ondersteuners en atlete).

Dumile: Die vermoë om sy sosialemedia-status gelyktydig op sy tablet én sy selfoon by te werk.

Gregory: Die vermoë om krampe weg te masseer (wat hom die bynaam Gregory 'Magic Hands' Sekobotsane besorg het).

Christoff: Die vermoë om hardlopers met gesoute aartappels en jelly babies te lok – dermate dat selfs ondersteuners nie hulle lus kan bedwing nie. Praat van goeie verkooptegniek!

Maryke: Super-duper Deep Heat-spuiter en videograaf. Net nóg 'n voorbeeld van hoe 'n vrou klomp goed op 'n slag kan doen.

Die Comrades-marathon is net soveel 'n les in nederigheid as wat dit 'n toets van uithou vermoë is. Met elke spuitjie Deep Heat, sakkie Goo (wat terloops glad nie soos 'Zesty Lemon' en 'Strawberry Passion' smaak nie) en blikkie cream soda gee 'n mens 'n stukkie van jouself vir iemand anders.

Vriendelike groete,  
Kameraad Annette Willemse, Bemaking en Kommunikasie, Vaaldriehoekkampus.

Kyk gerus na die NWU se Comrades-video op YouTube by <https://www.youtube.com/watch?v=IljmhRNCslg>.



Johan Lamprecht (middel) kom by die hulpstasie aan waar sy vrou, Elmarie, en Louis Jacobs van die Institusionele Kantoor sorg dat hy 'n lafenis kry voor hy die laaste skof van die marathon aanpak.

# NWU spog met driesterstatus

Die NWU het onlangs 'n driestergradering verwerf nadat dit die eerste universiteit in Afrika geword het wat deur die internasionale Quacquarelli Symonds (QS)-wêrelduniversiteitsgraderingstelsel geaudit en gegradeer is.

Hierdie internasionale assesseringstelsel evalueer universiteite aan die hand van 'n stel kriteria en ken dan 'n aantal sterre aan hulle toe wat met die oudit verdien is. Dit beoordeel instansies primêr op grond van hul eie kwaliteite en hoedanighede eerder as om hulle met ander instellings te vergelyk. Op dié manier laat dit instansies toe om te skitter ongeag hul grootte, formaat en missie.

Die NWU se driestergradering plaas ons in die geselskap van befaamde instansies soos die Moskouse Staatsinstituut vir Internasionale Verhoudinge, en bekende private universiteite soos die Amity Universiteit in Indië en die CESINE-universiteitsentrum in Spanje.

## ONS HOOGSTE PUNTE

Die NWU se hoogste punte was vir innovasie, waarmee ons vyf sterre verdien het, en vir fasiliteite, waarvoor ons vier sterre gekry het. Prof Nicholas Allen, die Institusionele Direkteur: Internasionale Skakeling wat die NWU se proses gelei het, glo die NWU het in teorie eintlik aan al die vereistes vir 'n tipiese viersteruniversiteit voldoen.

“Sonder om enigiets te verander aan wat ons doen by die NWU en deur net 'n paar aspekte van ons inskrywing te wysig, kan ons 'n vierstergradering behaal,” sê prof Nicholas.

## SELFS HOËR

Na sy mening het verskeie faktore ons daarvan weerhou om hoër punte te behaal.

“Een van die grootste uitdagings was dat QS baie spesifieke, verifieerbare data wou hê, en in sommige kategorieë het

ons eenvoudig nie al die regte tipes data beskikbaar gehad nie. Ons doen dus al die regte dinge, maar ons het nie noodwendig die feite en syfers om dit te staaf nie.

“Nog 'n probleem was dat die NWU in drie gevalle gedurende die QS-graderingsproses beoordeel is op grond van globale persepsie (met ander woorde in rangorde geplaas is) eerder as om op eie meriete gegradeer te word.”

Dit het in drie kategorieë gebeur: indiensneembaarheid van studente, akademiese reputasie van navorsing, en dissipline-rangordening. (Sien tabel gemerk \*.)

## GRADERING VS RANGORDENING

Maar wat is die verskil tussen gradering en rangordening? “Rangordening vergelyk universiteite met mekaar en is geneig om swaar te leun op persepsies. Dis met ander woorde hoe die instelling gesien word deur belanghebbers soos akademici en studente van regoor die wêreld,” sê prof Nicholas.

“Gradering daarenteen is 'n vorm van assessering wat instansies hoofsaaklik op grond van hul eie kwaliteite beoordeel, eerder as met betrekking tot mekaar.”

Om die verhouding tussen die rangordening- en graderingstelsels van die wêreld te illustreer, kan gekyk word na die posisie van 'n topuniversiteit wat gegradeer én gerangorden is. Die Koning Fahd-Universiteit van Petroleum en Minerale in Saoedi-Arabië het byvoorbeeld vier sterre gekry in die QS-graderingstelsel, maar is nommer 208 op een van die wêreld se bekende rangordeningstelsels.

## SKITTER MET ONS STERRE

Noudat die NWU gegradeer is, het ons basies 'n “lisensie” om ons driesterstatus vir die volgende drie jaar vir reputasiebou-doeleindes te gebruik. “Behalwe dat ons die oorhoofse driestergradering in ons skakeling met ons belanghebbers kan gebruik,



Die NWU kan nou grafika soos hierdie gebruik om die universiteit te bemark.

kan ons ook die individuele kategoriegraderings gebruik om die universiteit te bemark,” sê prof Nicholas.

“As ons byvoorbeeld iets sê oor ons innovasiebedrywighede, kan ons die inligting staaf deur melding te maak van die vyfstergradering wat ons in daardie kategorie behaal het.”

Prof Nicholas sal graag wil hê dat die NWU weer aan die graderingstelsel moet deelneem. “Dit was net die eerste tree na die posisionering van die NWU in die globale arena en ons het heelwat uit hierdie ervaring geleer. Volgende keer moet ons net sorg dat ons data beter belyn is met die spesifieke behoeftes van die QS-ouditeurs.”

## Oor QS-sterre

Volgens QS is 'n tipiese eensteruniversiteit waarskynlik minder as 20 jaar oud, is die instansie se onderrig van 'n hoë gehalte en bou hulle aan 'n plaaslike reputasie.

Dié aan wie vyf sterre toegeken word, moet van wêreldgehalte wees in 'n wye verskeidenheid areas, moet 'n baie goeie reputasie hê, sowel as uitstekende, moderne fasiliteite en internasionaal gerekende navorsings- en onderrigpersoneel.



# So lyk ons punte

In 2012 het die NWU besluit om die internasionale waters aan te durf deur deel te neem aan die QS-graderingstelsel. Die projek het op 3 Oktober 2012 afgeskop, die data is op 15 Maart 2013 ingedien en die resultate – soos uiteengesit in die onderstaande tabel – is op 14 Mei 2013 ontvang.

Kategorie	Punte toegeken	Punte beskikbaar	Sterre toegeken
<b>KERNKRITERIA</b>			
Onderrig			
Akademie personeel/student-verhouding	9	50	
Voltooiing van studies	28	40	
Personeel met doktorsgraad of ekwivalent	0	40	★ ★
Studente wat verder studeer binne 12 maande ná graadverwerwing	9	20	
Totaal	46	150	
Indiensneembaarheid			
Werkgewers onderskryf instansie in QS globale werkgewer-opname *	0	50	
Studente wat in diens geneem word binne 12 maande ná graadverwerwing	50	50	★ ★ ★
Loopbaandiensondersteuning	11	50	
Totaal	61	150	
Navorsing			
Akademie reputasie volgens QS globale akademiese opname *	6	40	
Aanhaling per referaat	15	40	
Referate per akademiese personeellid	9	40	★ ★
Produktiewe akademiese kundiges	15	30	
Totaal	45	150	
Internasionalisering			
Institusionele navorsingsamewerkings	50	50	
Internasionale akademiese personeellede	10	20	
Internasionale studente	9	20	
Inkomende uitruilstudente	0	20	★ ★ ★
Uitwaartse uitruilstudente	1	20	
Fasiliteite vir internasionale studente van ander gelowe	3	10	
Internasionale diversiteit	10	10	
Totaal	83	150	
<b>LEEROMGEWING</b>			
Fasiliteite			
Sportfasiliteite	20	20	
Studentehuisvesting	11	20	
IT-infrastruktuur	20	20	
Biblioteekfasiliteite	3	20	★ ★ ★ ★
Mediese fasiliteite	10	10	
Studenteverenigings	3	10	
Totaal	67	100	
<b>GEVORDERDE KRITERIA</b>			
Innovasie			
Patente	16	20	
Industriële navorsing	20	20	★ ★ ★ ★ ★
Newemaatskappye	4	10	
Totaal	40	50	
Betrokkenheid			
Gemeenskapsinvestering en -ontwikkeling	14	20	
Liefdadigheidswerk en rampverligting	0	10	
Regionale mensekapitaalontwikkeling	5	10	★ ★ ★
Omgewingsimpak	4	10	
Totaal	23	50	
<b>GESPESIALISEERDE KRITERIA</b>			
Dissipline-rangordening			
(Rangordeningsprestasie in enige een van vyf breë fakulteitsareas wat jaarliks gedoen word deur QS, of meer spesifieke areas deur QS of 'n derde party *)	0	150	★ ★
Programakkreditering			
(Programme geakkrediteer deur internasionaal of plaaslik erkende en toepaslike standaarde)	50	50	★ ★ ★
<b>ALGEHEEL</b>	<b>415</b>	<b>1 000</b>	★ ★ ★

\* Gerangorden in plaas van gegradeer

# TRADE-opleiding bevorder SA-handel

**T**RADE, 'n navorsingsnisarea op die Potchefstroomkampus, was onlangs deel van 'n span wat nuwe buitelandse ekonomiese verteenwoordigers van die Departement van Handel opgelei het.

Vier lede van die TRADE-span was van 15 tot 16 April 2013 saam met verteenwoordigers van die Internasionale Handelsinstituut van Suid-Afrika (Engels: ITRISA) by die opleiding in Pretoria by die Departement van Internasionale Betrekkinge, Samewerking en Ontwikkeling se kantore betrokke.

Die opleiding was daarop gemik om die buitelandse verteenwoordigers voor te berei om die handelsbelange van Suid-Afrika te bevorder in die lande waarheen hulle uitgeplaas word.

Behalwe 'n oorsig oor die wêreld- en die Suid-Afrikaanse ekonomie, het die TRADE-aanbieders die praktiese deel van die opleiding aangebied

*Lede van die TRADE-navorsingsnisarea wat by die opleiding van buitelandse ekonomiese verteenwoordigers betrokke was, is van links prof Wilma Viviers, prof Waldo Krugell, prof Marianne Mathee en dr Ermie Steenkamp.*

om onder meer deur middel van die sogenaamde Decision Support Model (DSM) realistiese uitvoer-geleenthede vir Suid-Afrika te identifiseer. (Sien tekskassie vir meer inligting oor die model.)

## HANDELSKOU IN AFRIKA

Van die buitelandse verteenwoordigers wat die opleiding bygewoon het, sou sowat 60% na Afrika-lande uitgeplaas word.

“Tydens die opleiding het ons vir hulle 'n scenario van 'n werklike handelskou in 'n Afrika-land, naamlik Zambië, geskets. Hulle moes dan met behulp van ons DSM-model die produkte identifiseer waarvoor Zambië 'n vraag het,” verduidelik prof Wilma Viviers, die leier van TRADE.

“Die Departement van Handel en Nywerheid kan dan die lys van produkte gebruik om te bepaal vir watter Suid-Afrikaanse uitvoerders hulle ondersteuning behoort te gee om die

betrokke handelskou in Zambië by te woon om hul produkte daar uit te stal en moontlike uitvoertransaksies te sluit.”

## POSITIEWE TERUGVOER

Tydens die opleidingsessie is opleiding oor die gebruik van die Internasionale Handelsentrum in Genève, Switserland se TradeMap- en MarketMap-databasisse ook gegee.

“Die terugvoer van die buitelandse ekonomiese verteenwoordigers asook die Departement van Handel en Nywerheid oor die opleiding van die TRADE-aanbieders was baie positief en hulle het veral die praktiese toepaslikheid van die DSM-sessie besonder waardevol gevind,” sê prof Wilma.

## *So werk die uitvoermodel*

Die DSM-uitvoermodel is op versoek van die Departement van Handel en Nywerheid ontwikkel en het sedertdien sy waarde bewys as 'n wetenskaplike instrument om goeie uitvoermarkte vir Suid-Afrikaanse produkte te identifiseer.

Die model gebruik filters wat onder meer politieke en finansiële risiko's identifiseer en so minder belowende uitvoeremoontlikhede uitskakel. Die resultate fokus dus op dié produk-landkombinasies wat die meeste uitvoerpotensiaal en die beste marktoeganklikheid toon.

Die DSM is tans in staat om Suid-Afrika se realistiese uitvoeremoontlikhede uit 240 lande en 5 400 produkte, dus sowat 1,3 miljoen land- en uitvoerprodukkombinasies, te identifiseer.

Die model se resultate word aangevul deur 'n kragtige, interaktiewe rekenaarinstrument. Hierdie sogenaamde 'Decision Support Model' (DSM) DASHBOARD bied die navorsingsresultate visueel aan en vergemaklik die interpretasie daarvan.



# Kenners se woorde is goud werd

NWU-kundiges wat die media te woord gestaan het in 2012 het 'n astronomiese R285 miljoen se gratis publisiteit vir die universiteit verdien, met prof André Duvenhage wat die grootste bydrae gelewer het.

Prof André, die direkteur in die navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie en professor in Politieke Studies op die Potchefstroomkampus, se gereelde politieke kommentaar het hom die toekenning van Woordvoerder van die Jaar in die sak gebring.

Hiervoor het hy 'n wisseltrofee en kontantprys van R20 000 tydens 'n toekennings-

geleentheid op 22 April 2013 in Potchefstroom ontvang.

Aangesien hy ook in twee van die subkategorieë (uitsaai- en aanlynmedia) 'n wenner was, het hy 'n verdere R10 000 ontvang.

Prof André is 286 keer in 2012 aangehaal – die meeste van alle NWU-woordvoerders in alle kategorieë gesamentlik, naamlik gedrukte, uitsaai- en aanlynmedia.

Die NWU se tweede mees aangehaalde persoon was mnr Theo Venter, spesiale adviseur in die Kantoor van die Visekanselier en deeltydse dosent by die Besigheidskool op

die Potchefstroomkampus. Hy het R15 000 prysgeld ontvang.

In die derde plek was mnr Hannes Esterhuizen, die hoofafrigter van die NWU PUK-rugbyspan. Hiervoor het hy R10 000 prysgeld ontvang en as wenner van die subkategorie vir gedrukte media het hy nog R5 000 ontvang.

Dié wenners het saam met ander NWU-woordvoerders hul kundigheid via die media met die publiek gedeel in altesaam 12 186 media-items. Vergeleke met die 7 730 in 2011 is dit 'n gesonde groei van 57,6%. As die 2012-syfer vergelyk word met die aantal artikels wat in 2010 verskyn het, toon dit 'n allemintige toename van 260%.

Van hierdie items was 11 613 gebalanseerd, 507 positief en net 66 ongunstig vir die NWU.

"Dit is altyd 'n pluimpie vir ons universiteit as die media ons woordvoerders nader, en die feit dat ons vermeldings so gestyg het, wys dat ons bydraes help vorm gee aan ons samelewing," sê dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU.

## Planne vir 2013

Die NWU gaan die kategorieë van die kompetisie uitbrei om erkenning aan meer woordvoerders te kan gee.

"Van ons woordvoerders lewer kleiner bydraes oor aktuele sake wat byvoorbeeld vir 'n sekere tyd intense dekking kry, en ons wil ons dank teenoor hulle ook betuig," sê mnr Louis Jacobs, die direkteur van Korporatiewe Kommunikasie en Belanghebberverhoudinge.

Die nuwe kategorieë is reeds vanjaar van toepassing vir die toekennings wat vroeg volgende jaar gemaak sal word.



Dr Theuns Eloff (links), die visekanselier, wens prof André Duvenhage van die Potchefstroomkampus geluk met sy toekenning as Woordvoerder van die Jaar.

# Werk en leef

*In ons gereelde reeks oor NWU-dekane kuier ons by prof LJ Grobler, die dekaan van Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus. Ons gesels met hom oor sy fakulteit, oor energie, en oor Eskom.*

**D**ie naam LJ Grobler is sinoniem met energie. Dis nie net omdat dié dekaan van Ingenieurswese passievol oor effektiewe energiebenutting is nie, maar ook omdat hy self hope daarvan het.

G'n wonder sy ma het haar die meeste oor dié besige spruit van haar gekwel nie.

"Op my pa se tagtigste verjaarsdag het hy vertel hoe my ma haar destyds bekommer het omdat ek altyd 'n klomp goed gelyk aangepak het," sê prof LJ.

## **'N BOK VIR SPORT(S)**

Uit sy kinderdae bly die skoolsport smiddae en naweke hom by. Vandag nog doen hy fisiese aktiwiteite en ekstreme sportsoorte soos "white water rafting" en "skydiving".

Hy spring darem nie altyd uit die vliegtuig uit nie – partykeer sit hy self agter die stuurkontroles.

"My vrou het vir my veertigste verjaarsdag vir my vlieënier-oorfone en die deposito vir vlieglesse gegee. Toe moes ek maar leer vlieg en later my eie ligte vliegtuig koop."

As hy nie luglangs beweeg nie, is dit padlangs op sy resiesfiets. "As ek nou vir die tiende keer die Argus ry, kry ek my permanente nommer," sê hy.

Al hierdie fisiese aktiwiteite is natuurlik net van die kleiner balle wat hy gelyk in die lug hou. Sekerlik die grootse een van almal is sy werk as dekaan.

## **BAIE BESIG**

In die afgelope paar maande nadat hy dekaan geword het, het hy nog nie juis tyd gekry vir sy eie navorsing nie, maar hy maak seker dat hy steeds leiding gee aan die verskillende navorsingsgroepe in sy fakulteit. Daar is heelwat groot projekte in die fakulteit aan die gang. Een daarvan is om sonkrag te gebruik

om waterstof te split. Die doel van dié projek wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie befonds word, is om die nodige infrastruktuur te skep sodat ons uiteindelik 'n waterstof-ekonomie kan hê.

Nog 'n spogprojek is die ontwikkeling van infrastruktuur en tegnologie vir ekstrusie. Dié projek vind plaas in die sentrum van bevoegdheid wat die Departement van Handel en Nywerheid aan die fakulteit toegeken het. (Ekstrusie is 'n metode waarop droë produkte soos onder meer hondekos vervaardig word.)

'n Projek waarvan die sukses tot 'n groot mate te danke is aan die kennis wat verwerf is met die ekstrusie- en sweeftuigprojekte, is die bou van 'n sonkar.

Dié kar het die fakulteit onlangs op die wêreldkaart geplaas toe dit saam met die Universiteit van Tokai s'n eerste in 'n internasionale 5 000 km-uitdaging gekom het.

## **BANDE MET ESKOM**

Van die ander belangrike bedrywighede in die fakulteit hou verband met Eskom, van wie die fakulteit 'n strategiese navorsingsvennoot is.

Groepe in die fakulteit help Eskom met navorsing oor die verbetering, emissiebeheer en energie-effektiwiteit van kragstasies, en die meting en verifikasie van energieverbruik.

En wat sal prof LJ doen as hy vir 'n dag lank die baas van Eskom kon wees? Hy antwoord vinnig: "Ek is bly ek is nie Eskom se baas nie – dis nogal 'n warm patat deesdae."

Volgens hom is daar verskeie faktore wat veroor-

saak het dat Eskom vandag in 'n dilemma sit. Een daarvan is die idee om kragstasies te privatiseer wat in die laaste dekades van die vorige millennium wêreldwyd posgevat het.

## **TEKORT AAN BEPLANNING**

Omdat hulle verwag het dat groot privaatmaatskappye die kragstasies sou oorneem, het besture destyds nie beplan vir die bou van nuwe kragstasies nie. Dit was immers die privaatmaatskappye wat sou oorneem se indaba.

Toe die groot Amerikaanse energie-maatskappy Enron egter bankrot speel in 2001, het ander maatskappye geskrik en het die privatisering van

*'n Hoogtepunt in prof LJ Grobler se loopbaan was toe hy in 2007 aangewys is as die Vereniging vir Energie-ingenieurs in Atlanta, VSA, se eerste nie-Amerikaanse president ooit.*



# met energie

kragstasies toe nie plaasgevind soos regerings verwag het nie. Intussen het kragverbruik in Suid-Afrika só toegeneem dat nuwe kragstasies wel nodig is. Die drie wat tans gebou word, is Medupi, Ingula en Kusile.

“Dit is ontsettend duur om ’n kragstasie te bou. Die hele Wêreldbeker-sokkertoernooi het ons land ongeveer R40 miljard gekos. Daarenteen kos dit R120 miljard net om Medupi te bou,” sê prof LJ.

‘n Ander rede vir die huidige dilemma is dat Eskom baie van die kundiges wat geweet het hoe om nuwe kragstasies te bou, laat gaan het omdat hulle nie gedink het hierdie kennis sou in die toekoms nodig wees nie.

## LÉÉF DIE OPLOSSING

Wat is die oplossing?

“Suid-Afrikaners moet deel van die oplossing word en begin krag spaar. Ons land gebruik twee tot drie keer meer krag as ontwikkelde lande om dieselfde uitsette te lewer.”

Hittepompe en son-waterverhitters is maar ’n paar maniere waarop ’n mens elektrisiteit kan spaar, sê prof LJ. “Met kompakte fluoressent ligte kan ’n mens tot 80% elektrisiteit spaar en met LED-gloeilampe nog meer.”

Prof LJ stel self ’n voorbeeld – by die huis stort die gesin met water wat deur die son verhit word en by sy vrou, Selmarie, se besigheid word krag deur sonpanele opgewek.

“Ek voorsien dat die stygende prys van elektrisiteit en die dalende prys van onder meer sonpanele, daartoe gaan lei dat die meeste mense oor ’n jaar of drie alternatiewe kragbronne sal gebruik.”

## ENERGIEGOGGA BYT

Prof LJ het sy voorgaande en nagraadse studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Die energie-gogga het hom behoorlik gebyt



Prof LJ Grobler ontspan saam met sy gesin. Die Groblers is van links ousus Chandre, prof LJ, vroulied Selmarie en kleinsus Sanika.

gedurende sy meestersgraadstudies en het daartoe gelei dat hy sy PhD oor energiebenutting en -bestuur in groot geboue gedoen het.

Nadat hy vir twee jaar sy eie raadgevende maatskappy in Pretoria gehad het, is prof LJ in 1996 as medeprofessor by die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aangestel.

So teen die einde van die onderhoud met hom, vertel prof LJ dat hy kort voor sy troue ’n weddenskap verloor het. Die gevolg was dat hy en sy vrou, Selmarie, tydens hul troue die dansbaan met die liedjie “Hier kom die Bokke” moes open.

Wel, waarom dan nie? Dit wás immers die jaar van die Rugbywêreldbeker en prof LJ hét homself al bewys as ’n bok vir sport(s), nie waar nie? ’n Baie energieke een daarby, want aan die einde van die onderhoud moet ons opskud om ’n foto of twee te neem. Die mense aan die anderkant van die telefoonlyn wag al vir ’n telefoonkonferensie om te begin...

## Ander interessantheide

**My gunstelingdis:** Beesstert.

**My gunstelingflieks:** Spioenasieverhale, hoewel ek met twee dogters in die huis ook soms saam met hulle “chick flicks” kyk.

**Dit maak my gelukkig:** Samesyn met vriende en familie.

**Dit bewonder ek in ’n vrou:** Selfversekerdheid.

**Hiervan hou ek glad nie:** Skynheiligheid.

**My gunstelinguitvinder met wie ek sou wou gesels:** Die Wright-broers wat die eerste vliegtuig gebou het.

**Dit maak my senuweeagtig:** As alles nie verloop soos dit moet nie – daarom is beplanning vir my baie belangrik.

**My kosbaarste besitting:** Die fotobord waarteen ons gereeld foto’s van ons familie en ons uitstappies vassteek.

# Dié twee is mooi én slim

Die soeke na die eerste Mnr en Mej NWU Mafikengkampus het geëindig met die kroning van Tshepo Moyaga en Gontse Rakobane vir die 2013 akademiese jaar.

Volgens Gontse, 'n eerstejaar-BCom Ekonomie-student, en Tshepo, 'n senior student in Regte, het hulle ingeskryf vir die kompetisie om bietjie buite hulle gemaksones te beweeg.

“Om nou eerlik te wees was dit nooit my doelwit om Mej NWU Mafikengkampus te word nie. Ek het net meegeding om te groei as leier en myself uit te daag,” sê Gontse.

“Die kompetisie was interessant. Elkeen het iets anders gedoen en was goed daarmee. Ek

is baie bly dat almal hul talente op die verhoog kon ten toon stel,” sê Tshepo. “Deur hierdie proses het ek agtergekem dat ek 'n gawe het waarvan ek nooit vantevore bewus was nie.”

Mnr Kagiso Ntshwe, studentekoördineerder, sê die organiseerders hoop dat Mnr en Mej NWU Mafikengkampus 'n gebeurtenis van wêreldgehalte sal word.

“Een van die ideale van die kompetisie is om 'n platform te skep vir vermaak met 'n doel. As mens 'n ambassadeur het wat mooi én slim is en die studentegehoor die geleentheid gee om te stem vir hulle gunsteling, kan meer opvoedkundige interaktiwiteit geskep word,” sê Kagiso.

*Die eerste Mnr en Mej NWU Mafikengkampus is onlangs gekroon – Tshepo Moyaga (regs) en Gontse Rakobane.*



## Wêreldklasnavorsers is nou dekaan

Die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie (FAST) het weer eens die visier 'n bietjie hoër gestel deur vir prof Eno Ebenso as dekaan aan te stel.

Prof Eno is 'n gevestigde wêreldklasnavorsers met 'n C1-NNS-gradering in Chemie en ook die derdeproduktiefste skrywer ter wêreld op die gebied van korrosiestremming. Volgens die Scopus-indeks het hy tussen 2005 en 2010 meer as 20 artikels in vaktydskrifte bygedra wat in die ISI Web of Science aangehaal is. Hy is ook 80 keer gedurende dieselfde tydperk elders aangehaal.

Dit kom op vier aanhalings per artikel neer, of ses keer die gemiddelde getal aanhalings vir navorsers op sy studiegebied. Prof Eno is ook die navorsers op sy gebied wat die dertiemeeste internasionaal aangehaal word.



*Voor sy aanstelling as dekaan was prof Eno Ebenso die direkteur van die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe.*

## Studente blink uit by herfsgradeplegtighede



*Die Mafikengkampus het akademiese uitnemendheid in styl gevier met die onlangse herfsgradeplegtighede waar grade, diplomas en ook 'n eredoktorsgraad toegeken is.*

Gedurende die onlangse herfsgradeplegtighede is 1 949 grade en diplomas toegeken.

Die hoogtepunt van die plegtighede was die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan dr Mbuyiseni Oswald Mtshali, beter bekend as die Soweto Poet, vir sy uitstaande bydrae tot die Suid-Afrikaanse letterkunde.

Moed en vasberadenheid is ook getoon deur studente met gestremdhede – twee gesiggestremde studente en twee studente in rolstoel het ook grade verwerf.

Die Fakulteit Handel en Administrasie was aan die voerpunt met 521 graduandi, gevolg deur die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie met 374 graduandi, die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe met 322, die Fakulteit Opvoedkunde met 150 en die Fakulteit Regte met 68 graduandi.

514 onderwysers het die Nasionale Nagraads Onderwysdiploma verwerf. Die kampus het ook 11 doktorsgrade en 60 meestersgrade toegeken. Merietesertifikate is oorhandig aan 52 studente wat hul grade met lof verwerf het.

# Sonkar wen gesogte prys

Die sonkar-span is onlangs vereer met 'n toekenning van die Federasie van Internasionale Outomobiele (FIA).

Dié federasie is die beheerliggaam van internasionale motorsport, waaronder alle Formule 1 motorsport, en verteenwoordig sowat 60 miljoen pad- en baangebruikers.

Dié groep NWU-ingenieurstudente het verlede jaar tydens die Sasol Solar Challenge geskiedenis gemaak met hul prototipe son-aangedrewe voertuig, waarna die FIA die toekenning vir beste alternatiewe energie vir navorsingsgroepe aan hulle toegeken het.

Volgens spanleier en dosent, prof Albert Helberg, is hulle uit hul vel oor die toekenning.

"Ons is die eerste Suid-Afrikaanse ontvangers van dié besondere toekenning. Dit is beslis die grootste beloning vir harde werk, min slaap en bloed sweet."

Die NWU het verlede jaar in die Solar Challenge die algehele eerste plek met die Tokai Universiteit van Japan gedeel. Die span het ook as wenners in hul klas weggestap en het twee nasionale en een wêreldrekord laat spat. Hierbenewens het hulle ook 'n eerste prys behaal vir hul veiligheidsverslag en is hulle die wenners van die "Africa Spirit Award".



Prof Albert Helberg (middel) ontvang die gesogte FIA-toekenning van mnr Richard Hughes (regs) van Sasol. Saam met hulle is mnr Winstone Jordaan (links), organiseerder van die Sasol Solar Challenge.

## NUUS VAN DIE POTCHEFSTROOMKAMPUS



Tronk toe vir liefdadigheid: Van links is mnr Jean-Marc Stidworthy van Bemaking en Kommunikasie, me Yolandi de Beer van Mooirivier Medies en me Selna Cornelius van die Fakulteit Natuurwetenskappe wat maar geduldig wag om weer vrygelaat te word.

## Gaan tjoekie toe vir liefdadigheid

Wetgehoorsaam of nie, as die boeie jou pas moet jy hulle dra, en die kampus se jaarlikse Jail en Bail was geen uitsondering nie.

Jail en Bail word in samewerking met die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) geloods om fondse in te samel vir KANSA en die Studente-Jool-Gemeenskapsdiens (SJGD), en betrek verskeie gemeenskappe in en om die universiteit.

Die fokus is nie op studente nie, maar eerder op NWU-personeel, besighede in en om Potchefstroom, bekende gesigte, vriende en ondersteuners van SJGD en KANSA asook media en ander instansies wat mediablootstelling kan verseker.

Hierdie persone word "gevang" en op kampus in 'n "tronk" geplaas waarna die verskeie instansies die persone kan uitkoop deur donasies te skenk.

Die minimum borgtog betaalbaar vir die uitkoop van 'n "gevangene" is 'n R500 donasie. Ongeveer R56 000 is tydens hierdie jaar se Jail en Bail ingesamel en die fondse sal verdeel word tussen KANSA (60%) en 'n aangewese SJGD-projek (40%).

Gedurende hierdie tyd het die primariusse van die verskeie koshuise ook geld ingesamel vir behoeftige studente op die kampus deur in 'n afgekorte area voor die Amfiteater vir drie dae van Big Prims te bly.

## Sentrum vir BWI en SAS-instituut span kragte saam

Die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) het 'n nuwe meestersgraad in Bedryfsanalise van stapel gestuur wat parallel loop met die huidige program in Kwantitatiewe Risikobestuur (QRM).

Die doel van die graad is om professionele analiste op te lei wat waarde kan toevoeg in die huidige "big data"-omgewing waar markspelers só baie data opgaar dat tradisionele analitiese metodes nie meer prakties of geskik is nie.

Met die ondersteuning van die NWU en 'n donasie van die SAS-instituut is die nodige infrastruktuur tot stand gebring om hierdie inisiatief te ondersteun. Die inwyding van die Sentrum vir BWI se nuwe SAS Advanced Analytics Labora-

tory – die eerste van sy soort in Suid-Afrika – het onlangs plaasgevind.

Die laboratorium spog met volledig toegeruste konferensie- en vergaderingfasiliteite waar studentespanne kan byeenkom om aan projekte te werk, asook om virtuele vergaderings met kliënte regoor die wêreld te hou. Die fasiliteite gee die studente ook toegang tot die nuutste harde- en sagteware wat nodig is vir analyses van hierdie aard.

Die program, waarvoor daar reeds 17 studente vir 2013 ingeskryf het, is ontwerp om analities-begaafde studente in te neem en hulle toe te rus met hoë-vlak analitiese en professionele vaardighede en hulle beroeps gereed te maak.



## Selfoonspeletjie werf studente

Die kampus het sy eerste interaktiewe selfoonspeletjie – Univenture – bekend gestel as hulpmiddel vir die studentewerwingsproses.

Die interaktiewe speletjie is die breinkind van Martin Booth, 'n nagraadse student van die South African Serious Games Institute (SGI-SA) in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie.

Die doel van die speletjie, wat uit verskillende vlakke bestaan, is om Bob – 'n fiktiewe voornemende student - te help om 'n besluit te neem oor 'n studierigting deur by al die verskillende fakulteite en akademiese skole aan te doen.

Elke vlak van die speletjie stel 'n akademiese skool voor. Soos jy verder in die speletjie beweeg, word jy ingelig oor die verskillende kwalifikasies en toelatingsvereistes. Bob kry ook die kans om verskillende lede van die kampusgemeenskap en selfs die kampus se geliefde ganse te ontmoet.

Dié bemarkingstoepassing is suksesvol in die Google Play Store bekendgestel. Gaan na die volgende skakel om by die Univenture-bladsy uit te kom: <https://play.google.com/store/apps/details?id=za.co.nwu.nwuvuaal>.

Die speletjie is tans slegs vir Android-toestelle beskikbaar en 'n Afrikaanse weergawe is ook beskikbaar.



*Ndumiso Hadebe is 'n leier met toekomsvisie.*

## Ndumiso is Mzansi se nuutste leier

Ndumiso Hadebe, 'n finalejaar BCom Ekonomie-student en voormalige studenteraadslid, is onlangs as die wenner van die gewilde televisieprogram, *One Day Leader 2* op SABC 1, aangewys.

Die program poog om jongmense die geleentheid te gee om hul leierskapspotensiaal te ontwikkel en om gemeenskappe betrokke te kry by kwessies wat hulle direk beïnvloed.

Ndumiso is 'n bekende gesig in die plaaslike gemeenskap waar hy onder meer as jeugleier, raadgewer en berader by die World of Life Baptiste-kerk dien. Hy het ook in samewerking met die Sedibeng-Oos Distriksraad 'n jeugorganisasie op die been gebring wat jongmense help om deur opvoedkundige werkswinkels hulself te bemagtig.

Om as die wenner aangewys te word, is vir Ndumiso 'n "ongeloflike eer en voorreg" en hy is dankbaar vir die geleentheid om nie net sy tydgenote nie, maar ook die jonger generasie te inspireer.

As wenner van die tweede reeks van die kompetisie het Ndumiso 'n mentorskap-program van drie jaar by Shanduka Black Umbrella gewen asook R50 000 kontant en R10 000 vir 'n gemeenskapsprojek van sy keuse.

## Kleingoed leer speel-speel deur poppespel

Poppespel speel 'n belangrike rol in die oordrag van kennis by jong kinders – so sê dr Ria Booysens, 'n senior dosent verbonde aan die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe.

Volgens dr Ria word Grondslagfase-studente reeds vanaf hul eerste jaar van studie touwys gemaak oor die kuns en tegnieke van poppespel deur verskillende karakters te ontwikkel.

'n Karakter soos byvoorbeeld 'n diertjie kan dan gebruik word om 'n spesifieke konsep aan 'n jong kind te verduidelik.

Namate die student vorder, word die gevorderdheidsvlak van die opleiding in poppespel ook hoër.

Behalwe vir die ontwerp van 'n handpop word daar ook van die studente verwag om interaktiewe dialoog te skep wat veral morele lewenswaarhede kan oordra.

*Die derdejaar-grondslagfase-studente van die Skool vir Opvoedkunde bied elke jaar poppekas-vertonings by verskeie kleuterskole en laerskole aan om hul poppekasvaardighede ten toon te stel.*





# NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

“Tegnologiese vooruitgang en die vraag na gevorderde toepassings vir iPads, tablette en ander toestelle is die rede waarom beroepe wat steun op wiskunde en wetenskap koning kraai. Die lys (van CareerCast.com wat beroepe opgeweeg het ten opsigte van vergoeding, omgewing, moontlikheid van indiensneming, stres en fisieke eise) is nie net van toepassing op Amerika nie en kan beslis ook Suid-Afrikaanse jongmense se keuse van beroep beïnvloed. ”



**Me Bernice Smit,**  
*Loopbaansentrum*  
*Joernalistiek nou*  
*swakste beroep,*  
*Volksblad,*  
*24 April 2013*



“Hoewel 'n rentekoersverlaging positief kan wees vir die begrotingstekort, kan die grootte van die tekort op die lopende rekening selfs 'n rentekoersverhoging regverdig. Die tekort op die lopende rekening word deur buitelandse investering in Suid-Afrika gefinansier, maar weens die hernieude arbeidsonrus en produksieprobleme by myne sal die land nie die nodige kapitaalinvloeiing kry nie. 'n Rentekoers-styging behoort te help om buitelandse kapitaal te lok en sodoende die tekort op die lopende rekening te finansier, terwyl 'n rentekoersverlaging hierdie tipe investering sal afskrik. ”

**Dr André Mellet, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe,**  
*Rates expected to remain unchanged despite speculation of a cut,*  
*BDlive,*  
*18 Mei 2013*

“Voorspellings wys dat die vraag na gas (skalie en vasgevangde gas en steenkoolmetaan) die hoogste gaan inskiet in die komende jare. Of ons nou daarvan hou of nie, hidrouliese breking gaan plaasvind en 'n gebied van 90 000 km<sup>2</sup> is daarvoor geïdentifiseer.

Groot hoeveelhede water is nodig vir hierdie tipe eksplorاسie en daar is 'n groot kans dat grondwater in die proses besoedel sal word. Hierdie tipe eksplorاسie het die potensiaal om boerdery in die omliggende omgewing te ruineer. Boere moet dit dus nie sommer blindelings aanvaar nie. Dit sal egter dom wees om te weier om met die betrokke rolspelers te onderhandel en 'n alternatief aan die hand te doen. ”

**Prof Kobus van der Walt,**  
*Fakulteit Natuurwetenskappe,*  
*Reshape the future of agriculture now,*  
*farmer's weekly,*  
*23 April 2013*



“Die Steentydperk-dieet het uiteraard nie verwerkte voedsel ingesluit nie. Die eet van vars groente en vrugte in plaas daarvan om vrugtesap te drink, lei tot 'n gevoel van versadigheid. Heel vrugte bevat vesel en dit is nodig om die vrugte te kou voordat dit ingesluk kan word. As mens kou, duur die inname langer en stuur dit 'n boodskap van voedselinname en versadigheid na die brein. 'n 'Heel' dieet met proteïene, graan, vrugte en groente is 'n gebalanseerde dieet. ”

**Prof Salome Kruger, Fakulteit Gesondheidswetenskappe,**  
*Cavemen's diet may solve obesity today,*  
*The Herald, 16 Mei 2013*



“In 2012 het atlete van 35 verskillende lande die HPI (en ander fasiliteite van die NWU se Potchefstroomkampus) gebruik as hul voorkeur-oefenbestemming om voor te berei vir die Olimpiese Spele. Atlete wat in Potchefstroom geoefen het, het 19 medaljes by die Londen-spele ingeoes. Die instituut se grootste kliënte is onder meer atlete van Frankryk, Pole, Tsjeggië, Finland, Swede en Duitsland. ”

**Mnr Jean Verster, ENB-Hoëprestasie-instituut vir sport,**  
*High Hopes,*  
*Financial Mail, 25 April 2013*



# NWU neem voortou met opvoedkundige tolking

Die NWU se tolkdienste het onlangs Suid-Afrika se eerste colloquium oor opvoedkundige tolking aangebied en daarmee sy posisie as nasionale leier op dié terrein bevestig.

Die colloquium wat op 22 en 23 April in Potchefstroom gehou is, het nie net belangstellendes van die NWU self gelok nie, maar ook verteenwoordigers van ander Suid-Afrikaanse hoërsonderwysinstellings.

*Mnr Gerhardu Mynhardt is een van die 15 permanente tolke op Potchefstroomkampus en het ook tydens die colloquium getolk.*



Besoekende hoërsonderwysinstellings het Unisa en die universiteit van Stellenbosch, die Vrystaat, Pretoria en Kaapstad ingesluit, asook die Durbanse Universiteit vir Tegnologie en die Kaapse Skiereiland-Universiteit vir Tegnologie. Daar was ook afgevaardigdes van die Vrystaatse Wetgewer by die colloquium.

Van hierdie instellings is reeds aan die gang met opvoedkundige tolking, of oorweeg om daarmee te begin.

## DEEL KENNIS

“Die colloquium was vir ons ‘n waardevolle geleentheid om kennis uit te ruil met kollegas van ander instellings en om so ‘n gemeenskap van kundigheid en praktyk te skep,” sê prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte en ook Direkteur: Taalsake.

Van die onderwerpe wat tydens die colloquium bespreek is, was die werwing en opleiding van tolke, en die logistiek, finansies en kwaliteit rondom opvoedkundige tolking. Dr Theuns Eloff, die visekanselier, het gepraat oor die belangrike rol van ‘n gunstige universiteitsbestuursomgewing in die sukses van die vestiging van ‘n funksioneel meertalige omgewing.

Besoekers kon ook ‘n getolkte lesing bywoon en ‘n draai maak by die kantoor van me Anneliese Beukes, bestuurder van Tolkdienste op die Potchefstroomkampus, wat ook as spreker tydens die colloquium opgetree het.

Ander NWU-kundiges wat hul kennis tydens die colloquium gedeel het, is mnr Johan Blaauw, die hoof van Taalbestuursdienste, en me Ananda van der Walt van Tolkdienste.

Me Juanli Theron, vroeër ‘n tolk by die NWU, het vertel van die uitdagings om ‘n opvoedkundige tolkdienst by ‘n instelling soos dié van die Universiteit van Stellenbosch te begin, waar sy tans as bestuurder van die US-tolkdienste werk.

Me Juanli Theron, vroeër ‘n tolk by die NWU, het vertel van die uitdagings om ‘n opvoedkundige tolkdienst by ‘n instelling soos dié van die Universiteit van Stellenbosch te begin, waar sy tans as bestuurder van die US-tolkdienste werk.

## VERSKAF KONSULTASIEDIENS

Die NWU verskaf tans ‘n konsultasiediens vir opvoedkundige tolking by dié universiteit se Fakulteit Ingenieurswese en is op dieselfde manier betrokke by die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie.

Die NWU het reeds in 2004 op voltydse skaal met die opvoedkundige tolkdienste begin.

Sowat 26% persent van alle lesings op die Potchefstroomkampus word tans getolk om toegang tot veral skaars vakke te bevorder. Hoewel opvoedkundige tolking tot nou toe ook op klein skaal op die Mafikeng- en Vaaldriehoekskampus plaasgevind het, is daar in die begroting voorsiening gemaak vir die uitbreiding van die diens in 2014 op dié twee kampusse.

## Onderneming teen korrupsie

Geleentheid waartydens lede van die NWU-gemeenskap ‘n antikorrupsie-verbintenis sal kan aangaan, gaan deur die loop van die jaar op die kampusse aangebied word.

Dit sal deel uitmaak van Korrupsiewag se veldtog om mense aan te moedig om deel te word van die stryd teen korrupsie in Suid-

Afrika. (Korrupsiewag is ‘n onafhanklike burgerlikesamelewing-organisasie sonder winsoogmerk.)

Die ondertekenaars van die onderneming verbind hulle daartoe om verantwoordelike landsburgers te wees, om openbare hulpbronne te respekteer en om met integriteit op te tree.

Die Institusionele Bestuur van die NWU het op 13 Maart 2013 tydens ‘n vergadering besluit om deel te neem aan Korrupsiewag se veldtog, nadat die organisasie die universiteit versoek het om sulke geleentheid te skep.

Soortgelyke plegtighede is reeds by verskeie ander Suid-Afrikaanse universiteite gehou.

# Inligtingsetiek raak ons almal

Die oorweldigende inligtingsera waarin ons leef raak ons almal en daarom is dit geen wonder dat die NWU ook deel is van die nasionale debat rondom inligtingsetiek nie.

Die universiteit het tydens 'n werkswinkel wat op 24 Mei 2013 by die Institusionele Kantoor gehou is, 'n taakspan aangewys om betrokke te raak by landswyse aktiwiteite rondom inligtingsetiek.

Die werkswinkel is op versoek van dr Theuns Eloff, die visekanselier, deur Institusionele Navorsingsondersteuning gereël en is deur die Universiteit van Pretoria (UP) se Afrika-sentrum van Uitnemendheid vir Inligtingsetiek aangebied.

Dié sentrum het in 2011 by UP tot stand gekom om namens die regering se Kommunikasie-departement navorsing te doen en akademiese aktiwiteite te onderneem om mense en groepe bewus te maak van die belangrikheid van inligtingsetiek.

Dié dissipline kyk veral na hoe die verhouding tussen mense en die wêreld verander as gevolg van die ontwikkeling van inligtings- en kommunikasietegnologie.

Dit laat die kollig val op onderwerpe soos die beskikbaarheid van inligting, sensorskap, etiese en onetiese kuberkraking, globalisering van inligting, en die beskerming van persoonlike inligting teen byvoorbeeld inligtings- of identiteitsdiefstal.

Prof Coetzee Bester, die direkteur van die UP-sentrum, het tydens die werkswinkel gesê die inligtingsrewolusie kan nie gekeer word nie, maar mense moet geleer word hoe om dit positief te gebruik en om bedag te wees op die risiko's wat dit meebring.

Die idee is om inligtingsetiek op een of ander manier deel te maak van kursusse wat by hoërondwysinstellings aangebied word en om dit uiteindelik deur middel van 'n rimpel-efek deel te maak van wat kinders op skool leer.



*Me Marietjie Halgryn van Institusionele Navorsingsondersteuning lewer kommentaar tydens die werkswinkel oor inligtingsetiek. Saam met haar van links is me Rubina Setlhare-Meltor van die Skool vir Opvoedkundestudies op die Potchefstroomkampus en dr Thami Sithebe, die direkteur van die Skool vir Omgewings- en Gesondheidswetenskappe op die Mafikengkampus.*

Die NWU-taakspan gaan UP se sentrum bystaan om 'n kurrikulum-raamwerk te ontwikkel wat mettertyd by die verskillende fakulteite aangepas sal word.

NWU-personeel is ook tydens die werkswinkel gevra om kommentaar te lewer oor 'n konsep-werkboek wat ontwikkel is om sleutelonderwerpe rondom inligtingsetiek aan verskillende rolspelers bekend te stel.

Die viserektore vir akademie en navorsing op die NWU-kampusse sal die bedrywighede op

die kampusse lei. Die eerste Afrika-konferensie oor inligtingsetiek is in 2007 onder leiding van die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie, (UNESCO) gehou.

Die Suid-Afrikaanse regering het dié konferensie geborg en UP het dit saam met ander internasionale akademiese instellings gereël.

Sedertdien is nog twee sulke geleenthede aangebied waar die impak en uitdagings van die inligtingsera op Afrika bespreek is.

# ONS mense

## Prof Yun glo daaraan om te gee

**Vir die tweede aflewering van hierdie reeks oor die mense wat hier by die NWU werk, het mnr Gert van Rooyen van die Mafikengkampus met 'n akademikus van Hanseo Universiteit gesels vir wie die NWU en Suid-Afrika se aantrekkingskrag haas onweerstaanbaar is.**

**T**oe sy dekaan by Hanseo Universiteit in Seoul, Suid-Korea, hom gevra het om Mafikeng te besoek om vrywilligerwerk te verrig, het prof Tae-Seoup Yun ingestem tot wat hy gedink het 'n agt dae lange reis na Suid-Afrika en terug sou wees. Tot 'n seuntjie van 'n laerskool in Lokaleng naby Mafikeng sy planne op hul kop gedraai het.

“Toe ek hom sien, het hy my laat dink aan 'n foto van my pa, wat destyds 'n arm kind in naoorlogse Korea was. Ek het daar en dan besluit om aan te hou met die vrywilligerwerk totdat ek 'n volhoubare proses tot stand gebring het met vrywilligers wat op 'n gereelde basis na Suid-Afrika toe kom,” sê prof Yun.

Nou, drie jaar later, keer hy steeds twee keer per jaar terug na die Mafikengkampus.

“In Lokaleng deel ons wat ons geleer het. Ons werk saam met 'n groep van die Lokaleng Laerskool en het 'n kommunale stuk grond gevestig waar ons groente aanplant sodat ons dit kan verkoop,” sê prof Yun.

Vanjaar het 10 studente van Hanseo Universiteit hom vergesel. “My droom is dat ons die mense van Lokaleng in staat sal stel om hulself te help tot voordeel van die hele streek.”

Hanseo Universiteit bestuur ook 'n mentorskapprojek by Lokaleng Laerskool om leerders aan te moedig en te mentor om leiers in hul gemeenskap te word.

As aansporing bied Hanseo 'n R2 400-merietoeëkennung aan leerders van graad een tot ses en 'n R5 400-merietoeëkennung aan drie leerders van graad sewe tot nege.

Prof Yun se vrou, Hee Seung Choi, het vanjaar saam met hom gekom, en help met die vrywilligerwerk. Hulle seun, Isaac Minwook, is ook deel van die span.

Prof Yun besoek die Mafikengkampus egter nie net om vrywilligerwerk te doen nie – hy is ook hier op 'n kennisdelingmissie as deel van 'n uitruilooreenkoms tussen die Mafikengkampus en Hanseo Universiteit.

Tuis is prof Yun 'n dosent in die Animasie departement waar hy spesialiseer in video- en digitale animasie, rekenaargrafika en interaktiewe media.

Hier ter plaatse is hy betrokke by die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling (SAO) en by die Kommunikasie-departement in die Skool vir Sosiale Wetenskappe.

*Prof Tae-Seoup Yun en vrywilligers besig met voorbereidings op die kommunale stuk grond by Lokaleng.*



*Prof Tae-Seoup Yun en sy vrou, Hee Seung Choi, deel 'n passie vir teruggee aan andere.*

“Die SAO bied verskeie programme aan wat ons nie by Hanseo het nie, soos 'n skryfsentrum, e-Fundi en die studiegidsstelsel, en ek sal dit graag met my kollegas in Korea wil deel,” sê hy.

Prof Yun bied ekstrakurrikulêre klasse in tekenegnieke by die Kommunikasie-departement aan. Vanaf die tweede semester beoog hy om ook betrokke te wees by televisieuitsending, draaiboekskryf en beelddraaiboekskryf vir derdejaar-kommunikasiekunde-studente.

*\*As jy weet van 'n kollega wat iets besonder of interessant in sy of haar lewe buite die universiteit verrig, stuur gerus die inligting aan Marelize Santana by [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za).*



# Mense wat myle stap

*Soos in die vorige uitgawes gee Eish! weereens erkenning aan al die NWU-kollegas wat gereeld die tweede myl loop in hul daaglikse werksverrigting. Dit wil voorkom asof niks hulle kan keer in hul strewe om goeie diens te lewer nie. Ons fokus in hierdie uitgawe op kollegas van die Potchefstroomkampus.*

Me Merna Meyer, 'n junior lektor in die Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys, neem die kans waar om drie kollegas te nomineer. "Ek is gelukkig om mense om my te hê wat nie net effektief en professioneel in hul werk is nie, maar ook agteroor sal buig om 'n klip uit die pad uit te rol," sê sy. Merna waardeer **me Marinda Neethling**, 'n junior lektor van dieselfde skool, vir haar deelname – "niks is vir Marinda onmoontlik nie," voeg sy by. **Me Karen Puren**, 'n senior lektor by Stads- en Streeksbeplanning in die Fakulteit Natuurwetenskappe, is volgende aan die beurt en vir haar prys Merna oor haar georganiseerdheid en visionêre uitkyk. Laastens bedank sy ook graag vir **me Catrien Wentink**, ook 'n junior lektor in die Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys, vir haar deeglikheid en behulpsaamheid.

**Me Jacky Goosen**, 'n administratiewe assistent van die Skool vir Verpleegkunde, is nóg 'n kollega wie se harde werk en toegewydheid nie ongesiens verbygaan nie. Me Lizanne Visser, 'n administratiewe assistent in die skool, sê dat haar lojaliteit, toewyding en manier waarop sy met kollegas en studente werk, ongelooflik is. "Jacky is 'n aanwinst vir enige werksomgewing – ons is regtig bevoorreg om so 'n bekwame dame met soveel ervaring en liefde vir haar werk as deel van ons personeelkorps te hê," sê Lizanne.

Nog iemand wat voorwaar 'n staatmaker is, is **me Jenny Taljaard**, sekretaresse van die Skool vir Musiek. Volgens dr Conroy Cupido, 'n senior lektor in dié skool, is Jenny die ruggraat van die Konservatorium. "Sonder Jenny sal alles sowaar uitmekaar val. Sy doen veel meer as wat van haar verwag word en haar droë sin vir humor bring altyd 'n glimlag op ons gesigte."

**Me Louise Frylinck**, administratiewe beampte in die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, verdien 'n

pluimpie. Volgens mnr Jack Jonck, 'n senior lektor in Ouditkunde van die skool, is Louise altyd vriendelik, behulpsaam en doen sy baie meer as wat van haar verwag word. "Baie dankie, Louise, vir al jou harde werk – dit word beslis raakgesien," sê hy.

Prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Onderrig-leer, gee graag erkenning aan **me Mari Labuschagne**, sekretaresse in haar kantoor. "Mari is iemand wat ten spyte van druk altyd 'n besondere vriendelike houding openbaar. Sy kry dit reg om altyd 'n aangename atmosfeer in my kantoor te handhaaf en dit meer 'leefbaar' te maak," sê prof Mariëtte. Sy voeg by dat Mari se vermoë om direk dog vriendelik op te tree, samewerking te verkry, en vinnig en akkuraat te werk, onontbeerlik is. "Mari, ek het groot waardering vir jou ingesteldheid!"

In die Skool vir Tale word **prof Attie de Lange** en **me Chantal Roux**, sekretaresse, uitgesonder vir die belangrike rol wat hulle speel. Volgens me Nerike Combrink, 'n studente-assistent in die skool, stap prof Attie voorwaar die tweede myl vir sy studente en is hy altyd bereid om te help waar hy kan. Chantal se werksetiek is ook vir haar bewonderenswaardig. Nerike sê Chantal skroom nie om ekstra ure in te sit om die werk klaar te kry nie, en haar motiverende ingesteldheid versit berge. "Baie dankie prof Attie en Chantal vir die voorbeeld wat julle stel – julle is 'n inspirasie en skep 'n aangename werksomgewing vir ons almal."

*Stuur gerus 'n e-pos aan [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za) as jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer. Onthou asseblief om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en relevante departement of skool ook in die e-pos aan te dui.*

MARINDA NEETHLING



KAREN PUREN



CATRIEN WETINK



JACKY GOOSEN



JENNY TALJAARD



CHANTAL ROUX



PROF ATTIE DE LANGE



MARI LABUSCHAGNE



LOUISE FRYLINCK



# En die **wenners** is....

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



**Institusionele Kantoor:**

Me Christelle Foord, werknemerverhouding-praktisyn, Mensekapitaal



**Mafikengkampus:**

Me Tlotlo Monakwane, administratiewe beampte, Toelatingskantoor



**Potchefstroomkampus:**

Me Beula de Beer, senior administratiewe assistent, Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys



**Vaaldriehoekkampus:**

Me Lebo Kumalo, administratiewe assistent, Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

# Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!

1.



Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.



3.



4.



6. Wie is aangewys as die beste van die NWU se onderrigpersoneel?
7. Hoeveel atlete (wat op een of ander manier by die NWU betrokke is) het hierdie jaar die Comrades-wedloop binne die afsnytyd voltooi?
8. Watter gradering het die NWU onlangs van Quacquarelli Symonds ontvang?
9. Wie is nou die dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus?
10. Wat is die naam van die Vaaldriehoekkampus se eerste interaktiewe selfoonspelletjie wat as hulpmiddel vir studentewerwing gebruik word?

**STUUR JOU ANTWOORDE AAN:**

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

# Borg woorde vir **WAT** en **WEN**

**W**AT 'n gulde geleentheid: jy kan nou 'n woord in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal teen R100 per woord borg en moontlik 'n ABSA-belegging van R25 000 in die jaarlikse gelukkige trekking losslaan.

Boonop, as jy jou sak skud en R5 000 vir 'n woord opdok, word die woord jou "eiendom" en kan niemand anders dié woord borg nie. Alle deelnemers ontvang 'n sertifikaat met hul naam en die woord of woorde wat hulle geborg het.

Die Borg 'n Woord-projek is 'n fondsinsamelingspoging van die WAT Trust om geld in te samel sodat die laaste sewe dele van die WAT voltooi kan word.

## **MAAR WAT IS DIE WAT?**

Wat dit nié is nie, is bloot 'n enkele woordeboek wat van A tot Z strek. Dit moet ook nie

verwar word met die Handboek van die Afrikaanse Taal (die HAT) wat net Standaardafrikaans insluit nie.

Dié biëlie van 'n projek gaan uiteindelik uit 20 volumes bestaan wat elk ongeveer een letter van die alfabet bevat. Dertien volumes staan reeds op die rak en die veertiende volume – die eerste van drie oor die letter S – is tans in wording.

Die WAT-volumes is in boekvorm en ook digitaal vir rekenaars en selfone beskikbaar.

## **RAND EN SENT**

Die WAT-projek, wat in 1926 begin is, het tans 'n jaarlikse lopende begroting van sowat R4,5 miljoen.


Daarvan word R1,4 miljoen deur 'n staatsubsidie befonds, R2,6 miljoen deur die WAT Trust en die balans deur verkope en ander projekte.

Die drukkoste van nuwe dele van die WAT word nie deur die staatsubsidie gedek nie en beloop ongeveer R600 000. Daarby het die WAT ongeveer R100 000 per jaar nodig om nuwe elektroniese produkte te ontwikkel.

## *So maak mens*

As jy woorde wil borg, stuur 'n bewys van direkte inbetaling of 'n tjek met Borg 'n Woord en jou naam as verwysing saam met jou woord of woorde, adres of e-posadres en telefoonnommer na [wat@sun.ac.za](mailto:wat@sun.ac.za) of WAT Trust, Posbus 245, Stellenbosch.

Die bankbesonderhede is WAT Trust, ABSA Bank, rekeningnommer 4078244585, takkode 632005. Skakel 021 887 3113 vir meer inligting of gaan na [www.wat.co.za](http://www.wat.co.za) en klik op Borg 'n Woord.



Die NWU het onlangs die internasionale waters getoets deur onder leiding van prof Nicholas Allen, Institusionele Direkteur: Internasionale Skakeling, deel te neem aan die Quacquarelli Symonds (QS)-graderingstelsel. Lees gerus op p 8 en 9 hoe dié eerste poging die universiteit 'n driesterstatus besorg het.



Me Irene Muller, 'n junior lektor by die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe op die Vaaldriehoek kampus, deel graag met ons 'n aanhaling van H Jackson Brown jr, 'n Amerikaanse skrywer bekend vir sy inspirerende boek – *Life's Little Instruction Book* – wat 'n New York Times-besteverkoper was:

# 'ONTHOU DAT ELKE PERSOON WAT JY TEëKOM, BANG IS VIR IETS, LIEF IS VIR IETS EN IETS VERLOOR HET.'

*"Ek het hierdie aanhaling raakgelees in 'n boek van Kerrie en Chris Shook – Dertig dae om te leef. Dit het my gehelp om anders na die mense in my leefruimte te kyk. Ek het nou meer empatie met mense danksy dié aanhaling. As iemand vir my 'snaaks' optree en ek hom of haar wil oordeel, herinner hierdie aanhaling my dat almal altyd 'n rede het waarom hulle op 'n sekere wyse optree."*

*Het jy 'n gunsteling-gesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en wat vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan [marelise.santana@nwu.ac.za](mailto:marelise.santana@nwu.ac.za).*



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT